*Foto-Artikel*

# Viole met 'n Knipmes!

## JONG PRETORIANER BEHAAL BUITENGEWONE PRESTASIE OP SONDERLINGE WYSE

deur PIERRE DE VILLIERS



Bo: Paul Dorfling is nie net vioolmaker nie maar ook vioolspeler. Hier oefen hy in sy werkkamer.

DIT was die begeerte om dinge te maak, 'n opbruisende skeppingsdrang en 'n groot brandende liefde vir die instrument, wat 22-jarige Paul Dorfling, van Gezina, Pretoria, enkele jare gelede laat besluit het om self viole te maak.

Dit op sigself is geen geringe prestasie nie, dog wanneer daar bygevoeg word dat hy slegs van 'n knipmes gebruik maak, neem die prentjie 'n heel besondere kleur aan.

Uit die staanspoor was dit duidelik dat Paul 'n groot aanleg in hierdie rigting openbaar en so snel was sy vordering en die resultate wat hy behaal het so fenomenaal dat 'n bekende musikus en vioolkenner van Pretoria, prof. Gerrit Bon, woorde soos *fantasties, buitengewoon* en *seldsaam*, in 'n gesprek met my rakende Paul Dorfling se talent, gebesig het.

In die agterplaas van sy ouerwoning het Paul 'n ou motorhuis in 'n werkkamer omgeskep. Toe ek hom een aand daar gaan besoek het, het ek hom kaalvoet, pyp in die mond en gekleed in 'n kort kakiebroekie en -hemp, aangetref. Halfklaar viole het rondgelê: hier 'n bak, daar 'n nek, daar 'n vingerplaat en 'n aantal stempenne. Aan 'n draad, teen die dak, het 'n sestal viole gehang, volmaak tot in die allerfynste besonderhede .... produkte van lange maande se toegewyde en liefdevolle arbeid.

Toe die begeerte om 'n viool te maak by hom posgevat het, het Paul Dorfling se soektog na geskikte hout begin, en hy vertel dat om die regte soort hout te kry net so 'n groot taak is as om die viool self te maak. Eers nadat hy 'n volle jaar onvermoeid gesoek het, het dit hom geluk om 'n stukkie hout raak te loop wat aan sy doel sou beantwoord. Hy het toe in alle erns aan die werk gespring en sy eerste viool met sy knipmes gemaak. Hy eksperimenteer egter nog gedurig met verskillende Suid-Afrikaanse houtsoorte en beweer dat hy tot dusver die Kaapse boekenhout die geskikste vind vir die rug, nek en sye van die viool. Hy ontvang sy hout spesiaal van Knysna.

Dit kos hom omtrent vier maande om 'n viool te maak.



Bo: Sewe voltooide en half-voltooide viole in Paul Dorfling se werkkamer.

Onder: Die miniatuurviooltjie, wat slegs ses duim lank is, is volmaak en 'n Menuhin van Lilliput sou daarop kan speel.



Bedags is hy staatsamptenaar in die pensioenekantoor. Hy wy ongeveer twintig uur per week van sy vrye tyd aan sy stokperdjie. Paul koester die vurige verlange om eendag oorsee te gaan vir verdere studie in hierdie ou kuns wat tot nog toe haas onbekend is in Suid-Afrika.

Wanneer hy 'n viool maak, moet etlike besonderhede in ag geneem word. Daar moet onder andere sorg gedra word dat die draad van die hout slegs in 'n sekere rigting loop, aangesien dit 'n geweldige uitwerking het op die klank van die viool, wat 'n baie gevoelige instrument is. Die twee-en-sewentig stukkies hout waaruit die viool bestaan, moet elkeen sekuur en suiwer op die juiste plek pas, want 'n geringe afwyking van slegs een-sestiende van 'n duim kan 'n groot verandering in die klank veroorsaak. Dit is dan ook die rede waarom daar haas geen twee viole is met dieselfde klank nie.

„Om 'n goeie viool te maak," beweer Paul Dorfling, „is dit ook noodsaaklik dat 'n mens met toewyding, liefde en gevoel te werk moet gaan. Elke goeie viool het 'n eie persoonlikheid en in die vorm en klank daarvan word sekere eienskappe van die maker weerspieël."

Tot dusver het hy nog nie van sy viole van die hand gesit nie, dog hy sal eersdaags begin om hulle te bemark. Hy beklemtoon egter die feit dat die maak van viole, net soos die speel van die instrument, vir hom in die eerste instansie slegs 'n skone kuns sal bly.

Professor Bon sê dat die tyd ons nog sal moet leer of Paul Dorfling se viole hul klank sal behou of verbeter, dog sy weloorwoë mening is dat die klank van die viole van hierdie jong kunstenaar met verloop van tyd sal verbeter. ★

Onder: Hier kan gesien word hoe netjies die viole afgewerk word. 'n Vooraanstaande musiekkenner skat die waarde van hierdie instrumente op omtrent £70 stuk.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012